Woensdag **31 Januarie**

**Skrifgedeelte: Maleagi 3:13 – 4:3 (AFR2020)**

**Fokusgedeelte: Maleagi 3:13 – 4:3**

**Die dag van die HERE kom – tot jou voordeel of jou oordeel!**

Waar is God in hierdie verflenterde wêreld met al sy seer, korrupsie en misdaad? Die misdaadsindikate het ’n lekker lewe terwyl die wetsgehoorsame burgers aan die kortste ent trek. Hierdie vraag word nie nou eers gevra nie.

Gelowiges in Maleagi se dag het ook met die sin van die lewe geworstel. Die droogte, politieke verwarring, maatskaplike onreg en korrupsie vernietig die land. Waar is God? Hoekom gryp Hy nie in nie? Die dag van die HERE kom nie soos Hy beloof het nie. Die goddelose kom weg met onreg, leef in oorvloed, terwyl dié wat toegewyd aan die HERE leef, aan die kortste ent trek.

Perspektief is nodig om die dag van die HERE reg te verstaan. Dit gaan nie primêr oor vergelding nie, maar oor die koms van God se koninkryk. Daar is uitverkorenes onder die goddelose wat soos brandhout uit die vuur geruk moet word. Daarom is die tyd wat die dag van die HERE voorafgaan nie net ’n louteringsperiode vir die gelowige nie, maar ook genadetyd vir die ongelowige.

Wanneer Jesus mens word, bly die dag van die HERE ’n moeilike begrip, selfs vir Johannes die Doper! “Daar is die Lam van God”, proklameer hy. Die byl is teen die wortel. Die hooivurk is in sy hand. Die dag van die HERE kom met oordeel, maar Johannes sien niks daarvan nie. Ook hy moes leer: eers genadetyd, dan die dag van die HERE.

En ons, is ons nie ook die vrug van God se genadetyd nie, is ons nie ook brandhout wat uit die vuur geruk is nie?

Maar die dag van die HERE sál kom, volgens die tyd op God se horlosie, politieke verwarring nie myne nie. Sy dag kom tot voordeel van die gelowige, maar tot oordeel van die goddelose.

*Sing: Psalm 68-1:1, 4*

*Ds. SP (Sollie) Vermaak (Pietermaritzburg)*